# LAERSKOOL MIKRO

9/2024

SPRUITSTRAAT
KUILSRIVIER
7580

021-903 2126 info@laerskoolmikro.co.za www.laerskoolmikro.co.za


12 Maart 2024

Geagte Ouers

Onderwerpe wat in hierdie Mikrofokus aangespreek word:

1. Uit die Kantoor
2. Wintersdrag
3. Graad 4- tot 7-markdag
4. Finansies
5. Sport van die week
6. Kalender
7. Advertensies

## 1. UIT DIE KANTOOR

Ons bedank graag almal wat Vrydagaand deel was van die gesinskamp. Dankie aan die reëlingskomitee en elke ouer wat moeite gedoen het om dit vir hul kinders moontlik te maak. Ons besef dit verg 'n mate van opoffering, maar is dankbaar dat julle tyd saam met ons en die kinders deurgebring het. Ek glo dit sal as 'n hoogtepunt onthou word wanneer ons terugkyk oor 2024.

Neem asb. kennis van die stemreëlings vir Donderdag, 14 Maart 2024 se beheerliggaam-verkiesing. Kliek op die onderstaande skakel om u van die stemproses in te lig. Ek wil beklemtoon dat indien u nie vanaf u selfoon/rekenaar by die huis of werk kan stem nie, u welkom is om 'n draai by die skool te maak. In die voorportaal is 'n E-stemstasie beskikbaar en ons sal hulp verleen indien nodig. Die aanlynstemming en E-stemming by die skool is van 08:00 – 18:00 oop. Ons maak staat op u samewerking.

https://laerskoolmikro-my.sharepoint.com/:b:/g/personal/mverster_laerskoolmikro_co_za/EYwpdRn4SkBLIZAud9IByz4B0mbLhSpPEFRXsoCOCVNJsw?e=XPy115

## 2. KWARTAAL 2: WINTERSDRAG

Ons gee graag vir u vroegtydig die volgende reëlings oor die kleredrag wat tydens kwartaal 2 gedra moet word.

Tydens Aprilmaand kan die leerders kies of hulle wintersdrag (formele drag /sweetpak) of somersdrag wil aantrek skool toe. Hierdie twee seisoene se klere mag nie gemeng word nie.

Op die dae wat leerders LO het, kan die volgende 2 opsies aangetrek word tydens Aprilmaand:

1. Maroen broekie, LO hemp en kaalvoete OF maroen broekie, LO hemp, sweetpakbaadjie met oorwegend wit tekkies.
2. Volledige skoolsweetpak, LO hemp en oorwegend wit tekkies.

Reënbaadjies mag gedra word saam met formele skooldrag of volledige sweetpak indien dit reën of baie koud is. Dit hoef nie tydens klastyd uitgetrek te word nie, maar die kappie moet wel in die kraag teruggevou word.

Vanaf Donderdag, 2 Mei 2024 sal slegs wintersdrag toelaatbaar wees.

3. **GR 4 tot 7 MARKDAG: DINSDAG, 19 MAART 2024**

Die graad 4 - 7 markdag vind plaas op Dinsdag, 19 Maart 2024, waar die leerders die geleentheid gaan kry om hul entrepreneursvaardighede ten toon te stel. Daar gaan BAIE stalletjies wees en dit beloof om 'n opwindende ervaring te wees. Alle leerders word aangemoedig om asseblief 'n geldjie saam skool te bring om hierdie leerders te kom ondersteun. Deelnemers wat stalletjies gaan hê, word daaraan herinner om teen Woensdag, 13 Maart hul A4-plakkate by Juf. Marné Wessels in te handig, sodat ons dit teen die aansteekborde kan opsit.

4. **FINANSIES: SKOOLFONDS**

Die finanskantoor sal op Maandag, 18 Maart 2024, tydens ouerbesoeke, beskikbaar wees tot 20:00 vir ouers om enige skoolfonds navrae te bespreek. U kan 'n epos stuur na adebeer@laerskoolmikro.co.za om 'n afspraak te maak.

5. **SPORT van die WEEK: 12 MAART 2024 tot 16 MAART 2024**

Woensdag, 13 Maart 2024:
- Rugby
  - o.11A en o.13A speel by L/S De Kuilen
- Netbal
  - o.9A- o.13 A speel teen Kuilsrivier Primêr (W)

Vrydag,15 Maart 2024:
- Rugby
  - o.10A speel by HS Brackenfell
  - o.11A en o.13A speel by Beaumont
- Netbal
  - o.11A- o.13A speel by Beaumont

Saterdag, 16 Maart 2024:
- Rugby
  - o.13A speel by Fanie Theron
- Bergfiets
  - by Stettyn wynplaas in Villiersdorp

Maandag, 18 Maart 2024:
- Rugby
  - o.13 A speel teen Vredenburg (T) om 12:00
- Netbal
  - o.13A speel teen Vredenburg (T) om 12:00

**LET WEL!!!** Oefeninge sal te **alle tye** voortgaan tydens ons seisoen. Indien dit baie erg reën op die dag, sal afrigters ń inligtingsessie met die span in 'n klas hou.

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
SKOOLHOOF



# KALENDER

## MAART 2024

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1<br>TOETSREEKS: GRAAD 4-7 | 2 | 3<br>Bergfiets: Century City<br>Seniokoor optrede |
| 4<br>TOETSREEKS: GRAAD 4-7 | 5<br>TOETSREEKS: GRAAD 4-7 | 6<br>TOETSREEKS: GRAAD 4-7<br>O.11A & O.13 A -Rugby (T): De Kuilen<br>O.13 A&B -Netbal (T): De Kuilen<br>Netbal (T): Parkdene | 7<br>TOETSREEKS: GRAAD 4-7 | 8<br>TOETSREEKS: GRAAD 4-7<br>**GESINSKAMP**<br>o.11A & o.13 A -Rugby (W): Table View<br>o.12 A & o.13 A -Netbal (W): Table View | 9<br>o.13 A -Rugby (W): Beau Schoeman Sportdag – Hendrik Louw<br>Atletiek Wes-Kaap Kamp. – Paarl | 10 |
| 11<br>**Somersport foto's** | 12 | 13<br>o.9-13A-Netbal (W): Kuils Rivier<br>O.11A & O.13 A -Rugby(W): De Kuilen | 14<br>**BHL-Verkiesing**<br>Redenaars: Podiumpret | 15<br>o.11A & o.13 A -Rugby (W): Beaumont<br>**o.10A-Rugby (W)**<br>o.11-13 A -Netbal (W): Beaumont | 16<br>o.13A-Rugby (W): Fanie Theron<br>**o.11A Rugby (W): Hugo Rust**<br>Bergfiets: Stettyn | 17 |
| 18<br>**OUERBESOEKE**<br>**o.13A-Netbal (T): Vredenburg**<br>**o.13A-Rugby (T): Vredenburg** | 19<br>**GR.4-7 MARKDAG** | 20 **SKOOL SLUIT**<br>KWSS Toernooi (o.13A-spanne) | 21 MENSEREGTEDAG<br>VAKANSIE<br>KWSS Toernooi (o.13A-spanne) | 22<br>VAKANSIE<br>KWSS Toernooi (o.13A-spanne) | 23<br>VAKANSIE<br>KWSS Toernooi (o.13A-spanne) | 24<br>VAKANSIE<br>KWSS Toernooi (o.13A-spanne) |
| 25<br>VAKANSIE<br>KWSS Toernooi (o.13A-spanne) | 26<br>VAKANSIE | 27<br>VAKANSIE | 28<br>VAKANSIE | 29<br>VAKANSIE | 30<br>VAKANSIE | 31<br>VAKANSIE |

*Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.

BLOU: Datums bygekom ROOI: Datums het verander

# ADVERTENSIES












# ADVERTEER IN ONS MIKROFOKUS

- Die Mikrofokus word weekliks op D6 gelaai. Ons ouers ontvang dit ook weekliks per WhatsApp.
- ‘n Kopie van die Mikrofokus word ook op die skool se webwerf geplaas en die skakel word op ons Facebook-blad (/LSMikro) gedeel. Daar is tans 3900 volgelinge.
- Bespreek spasie vir die volgende uitgawe voor of op Woensdae om 12:00 by info@laerskoolmikro.co.za – alle grafika (in JGEP of PNG-formaat) moet ons teen die Donderdag om 12:00 bereik.

**PRYSE**

**PER UITGAWE:**

- A6 (10,5 x 14,8 cm) – R250
- A5 (14,8 x 21,0 cm) – R350
- A4 (21,0 x 29,7 cm) – R500

**INDIEN MEER AS EEN UITGAWE:**

- A6 (10,5 x 14,8 cm) – R250 + R225 + R200
- A5 (14,8 x 21,0 cm) – R350 + R315 + R300
- A4 (21,0 x 29,7 cm) – R500 + R450 + R405